

12 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 36:1-13

Fokusgedeelte: Psalm 36:10

In u lig sien ons die lig

Die psalmdigter werk in hierdie Psalm baie sterk met die goddeloses aan die een kant en die regverdige aan die ander kant. Die goddeloses leef vir hulleself en veroorsaak deur hulle optrede dat die wêreld om hulle donker word, hulle wil graag almal in hierdie duisternis vasvang, so ook die digter.

Die digter weet egter dat daar slegs lig en lewe in God se teenwoordigheid te vind is en daarom skuil hy by God in sy huis, soos ons in vers 8 en 9 lees. In God se teenwoordigheid verdwyn die duisternis agter die helder lig van die lewe en regverdigheid. By God sien die digter die lig vir sy lewe en lewenspad te midde van hierdie duistere wêreld waarin hy vasgevang is (vs. 10). Vir hierdie waarheid wil hy God elke dag loof en prys, want God is magtiger as die goddelose en God se lig is só helder dat die duisternis nie kan bestaan nie, dit word dadelik verdryf.

Ons leefwêreld is daagliks met die duisternis van die moderne goddeloses gevul, hulle wat ons met hulle kwaad wil oorweldig. Wanneer ons deur ons eie krag hulle probeer teenstaan, word ons maklik deel van die duisternis. God roep ons hier op om onder leiding van die Heilige Gees na Hom toe te vlug en in sy lig te skuil. By God is daar geen duisternis nie, slegs 'n skerp lig wat die duisternis oorweldig en ontbloot.

Naby God en sy lig sien ons die lig vir ons daaglikse lewenspad. Die lig van Jesus Christus het die duisternis van die duiwel oorweldig en daarom kan ons wegvlug van die verkeerde en onder leiding van die Heilige Gees 'n lewe toegewy aan God lewe.

Kom ons loof en prys God elke dag vir hierdie voorreg om in sy Lig die lig vir ons lewenspad te sien, sodat ons nie struikel en verdwaal nie, maar die smal pad enduit kan loop.

Sing: Psalm 36:1, 3 (Totius)

Ds. AN du Plessis (Postmasburg)